YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# FORUM™

www.forumtydskrif.co.za | ... 2015

AfriForum-tydskrif



## Ons wil self besluit

**AfriForum Jeug** takel Jonathan Jansen

**Dokumentêr** gemaak oor ANC-vergrype

**AfriForum** veg vir godsdiens in skole

**Afrikaans** Ons vier 90 jaar

**Planne** vir Afrikaner-toekoms

ISSN 2313-1144

772313 114002

R 15,95 (BTW INGL.)
Gratis aan lede

**Treurgrond**-rolprent **Nuwe** veiligheidsnetwerke



# ANC kan nie met Afrikaner-erfenis, taal vertrou word nie

Kallie Kriel is die uitvoerende hoof van AfriForum.

@afriforum

Die Zuma-regering se aanslag op Afrikaans as onderrigmedium in skole en universiteite asook pogings om Afrikanerstandbeelde uit die openbare oog te verwyder, bevestig dat die ANC-meerderheidsregering nie vertrou kan word om besluite te neem rakende sake wat Afrikaners direk raak nie.

Hoewel die Akte van Menseregte in die Suid-Afrikaanse Grondwet met vrug deur AfriForum gebruik word om die owerheid deur die howe tot orde te roep, fokus dié akte oorwegend op individuele regte en word minderheids- en gemeenskapsregte afgeskeep. Die internasionaal erkende beginsel dat minderhede besluitnemingsbevoegdhede moet hê oor sake wat hulle as gemeenskap direk raak, word ook geensins na wense in die Grondwet vervat nie. Daar bestaan verder 'n gebrek aan politieke wil by die owerheid om dié dele van die Grondwet wat wel ruimte vir minderhede bied, te respekteer.

**DIE INTERNASIONAAL ERKENDE BEGINSEL DAT MINDERHEDE BESLUITNEMINGSBEVOEGDHEDE MOET HÊ OOR SAKE WAT HULLE AS GEMEENSKAP DIREK RAAK, WORD OOK GEENSINS NA WENSE IN DIE GRONDWET VERVAT NIE**

### Standbeelde

Die onlangse standbeeld-debakel is 'n tipiese voorbeeld van hoe Afrikaners in die huidige politieke bestel uitgelewer is aan die ANC-meerderheidsregering se volle besluitnemingsmag oor sake wat Afrikaners direk raak.

Die katalisator vir die standbeeld-debakel was juis pres. Jacob Zuma se uitspraak dat die land se probleme met die aankoms van Jan van Riebeeck begin het. Daarmee het hy Afrikaners tot sondebok van ons land verklaar, wie se erfenis gevolglik geen respek verdien nie. Om verder sout in Afrikaners se wonde te vryf, het die ANC-regering dit ook nodig geag om 'n besluit by die regering se onlangse beraad oor erfenisse deur te stoomroller, wat bepaal dat Afrikaner- en ander minderheidstandbeelde geskuif moet word na "temaparke" waar die regering die beelde in "konteks" kan plaas. Die beraad was soortgelyk daaraan om 'n paar wolwe en een skaap saam te laat besluit wat vir aandete bedien moet word.

Die "temaparke" waarheen die owerheid Afrikanerbeelde wil skuif, is niks anders nie as staatskonsentrasiekampe vir Afrikanerbeelde. Konsentrasiekampe se doel is om ongewenste elemente uit die openbare samelewing te verwyder, te isoleer en te etiketteer. Dit is presies wat die owerheid met Afrikanerbeelde wil doen. Die regering se hantering van standbeelde verskil dalk in metodiek van die EFF se fisiese aanvalle, maar die resultaat is dieselfde, naamlik kulturele vandalisme. Ten spyte van die owerheid se siening dat Afrikanerbeelde nie in die openbaar welkom is nie, is hulle ook nie bereid om die verantwoordelikheid om na hierdie beelde om te sien, aan Afrikaners oor te dra nie. Hulle kan nie Afrikaners se erfenis verwerp en dan steeds voorskrifte wil stel nie. Die tyd het daarom aangebreek dat Afrikaners sê: "Die ANC-meerderheidsregering kan nie met ons erfenis vertrou word nie en ons wil daarom self besluit oor wat met ons erfenis gebeur. Ons maak aanspraak op 'n deel van die belastinggeld wat ons aan die owerheid betaal, om na ons eie erfenis om te sien."

### Ons wil self besluit

Daar mag wel mense wees wat aanvoer dat die aandrang dat Afrikaners self moet besluit oor sake wat hulle direk raak, onhaalbaar is, omdat die "ANC nie daartoe sal instem nie". Natuurlik sal die ANC nie nou daartoe instem nie. Die ANC glo in sentralisme, terwyl inspraak deur minderhede federalisties van aard is. Dit hoef Afrikaners nie van die aanspraak op inspraak te laat afsien nie, aangesien daar talle voorbeelde wêreldwyd is waar veranderinge in politieke bedelings plaasgevind het, ten spyte daarvan dat die owerheid aanvanklik daarteen geskop het. Ons moet hierdie aanspraak met energie, selfvertroue en deursettingsvermoë aanpak. Dan sal niks ons uiteindelik kan keer nie.

'n Kernelement van die feit dat Afrikaners self moet kan besluit oor sake wat hulle direk raak, is dat Afrikanerselfstandigheid uitgebou moet word.

As fase een kan Afrikaners selfstandigheid begin vestig, ongeag die ANC se moontlike teenkanting. Dit kan gedoen word deur selfstandige instellings te skep wat Afrikaners self bestuur om *de facto*-werklikhede te skep wat die owerheid nie kan wegwens nie. Voorbeelde hiervan wat reeds in praktyk bestaan, is onder meer die gemeenskapsveiligheidstrukture wat AfriForum landswyd vestig, sodat gemeenskappe selfstandig binne die raamwerk van die wet na hulle eie veiligheid kan omsien. AfriForum se plaaslike strukture pak talle selfdoen-aksies aan om hulle plaaslike gemeenskappe te verbeter. Onderriginstellings soos Sol-Tech en Akademia, wat albei deel van die Solidariteit Beweging is, bied ook reeds selfstandig opleiding met Afrikaans as onderrigmedium.

As tweede fase van selfstandigheid, glo ek dat Afrikaners aanspraak moet maak op die *de jure*-erkenning van *de facto*-selfstandigheidswerklikhede wat gevestig is. Dit kan byvoorbeeld insluit dat ons gemeenskap besluitnemingsreg oor die bestaande Afrikaanse skole verkry deur beheerliggame se magte uit te brei en die Erfenisstigting, as organisasie uit ons gemeenskap, die bestuur van Afrikaner-erfenisse moet behartig. Natuurlik het ons as belastingbetalers 'n billike aanspraak dat ons belastinggeld hiervoor moet kan aanwend.

Benewens inspraak oor skole en erfenisse, bestaan daar internasionaal tientalle ander voorbeelde van terreine waarop minderhede besluitnemingsmagte kan verkry oor sake wat hulle direk raak. Dit sluit in inspraak oor kulturele sake tot gebiedsgebonde inspraak. Die Solidariteit Beweging, waarvan AfriForum deel vorm, het juis tydens 'n onlangse krisisberaad besluit om 'n taakspan saam te stel om ondersoek na hierdie internasionale voorbeelde in te stel en met werkbare voorstelle na vore te kom vir die plaaslike implementering van selfstandigheid en gemeenskapsfederalisme.

Dit is 'n groot stap vorentoe om te help verseker dat Afrikaners blywend vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika kan voortbestaan.